

28 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 30

Fokusgedeelte: Psalm 30:2 en 13

Loof God wat jou trane in vreugde verander!

Trane, siekte en beproewings. Dit is alles deel van die lewe. So het Dawid se lewe ook deur diep waters gegaan. God het hom egter opgetrek uit die dieptes van ellende. Toe Dawid baie ernstig siek was, so erg dat hy by die dood omgedraai het, het God hom gesond gemaak. God het hom uit die kake van die dood gered en sy trane in vreugde verander. Dawid het beleef hoe God se toorn net 'n oomblik duur, maar sy goedheid lewenslank.

Hierdie psalm leer ons dat pyn nie die laaste sê oor ons lewe het nie. lewers trek ons weer die rouklere uit en die feesklere aan. Dit is wat Israel gedoen het, wanneer hulle dié psalm as 'n lied "vir die inwyding van die tempel" gesing het. Met feesvreugde kon hulle sing oor hoe God hulle in donker tye gedra het en hulle verlos het.

Ook die GKSA se geskiedenis is in God se hand. Hy het ons gedra, soms deur diep waters en ondanks ons foute en mislukkings. Kom ons sing daarom met feesvreugde 'n danklied tot God, terwyl ons nederig bly voor Hom.

En jy? As jy sou terugkyk op die donkerste tye in jou lewe, is daar een ding wat uitstaan: Hoe God jou deurgedra het. Hy verander jou trane in vreugde. Hy het sy Seun laat sterf om jou uit die mees hopelose situasie (naamlik om in sonde verlore te wees) uit te red. Maak daarom jou lewe 'n loflied tot eer van God.

Sing: Psalm 116:1, 5, 10 (1936-beryming) / Psalm 116:1, 3, 5 (2001-omdigting)

Ds JL van der Schyff (Welkom-Noord)